

## HOOFSTUK 4

### NAVORSINGSONTWERP

#### 4.1 INLEIDING

Volgens die navorsingsdoelwitte wat in hoofstuk 1 gestel is, handel hierdie studie oor die samestelling van riglyne wat in gedagte gehou behoort te word tydens die assessering van dosente in Hoër Onderwys en Opleiding binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Uit die literatuurstudie het geblyk dat daar nog nie gepubliseerde navorsing in Suid-Afrika oor dié onderwerp onderneem is nie hoewel daar enkele artikels en boeke gepubliseer is wat verwys na die NKR, die professionele ontwikkeling van dosente en die skakeling daarvan met die implemenetring van die NKR (vergelyk hoofstukke 2 en 3). Dosente word hoofsaaklik aangestel op grond van hul professionele kwalifikasies en ervaring in 'n betrokke vakgebied. Daarna vind die normale pos- en prestasie-evaluering plaas. Die rolverwagtinge wat gestel is vir dosente om te vervul binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk word nie (ekplisiet) beklemtoon tydens die evaluering- of assesseringsproses nie. Samehangend hiermee is dit kommerwekkend dat dosente aan prestasie-evaluering (assessering) onderwerp word hoewel hul bevoegdheid om in die betrokke rolle te funksioneer nie aan assessering onderwerp is nie.

Prosedures wat in verskeie oorsese lande gevolg word tydens die direkte of

indirekte assessering van dosente toon dat daar 'n leemte bestaan tydens die assessering of beoordeling van dosente se rolverwagtinge binne die hoëronderwysomgewing in Suid-Afrika (vergelyk 3.2 en 3.3).

Oorsese navorsing was ook in die meeste gevalle beperk in omvang wat betref die omstandighede waarbinne dosente moet funksioneer. Daar is geen verwysings na dosente wat in 'n hoëronderwystransformasieproses betrokke was, soos in die geval van Suid-Afrikaanse dosente nie. Daar is nog nie daarin geslaag om 'n ondersoek soos die onderhawige te loods nie, omdat ondersoeke van so 'n omvang nie deur individuele navorsers aangepak kon word nie aangesien dit te hoë eise ten opsigte van tyd stel. Die meerderheid persone wat direk of indirek by die opleiding en/of assessering van dosente betrokke is, is self deurgaans besig om vertrouwd te raak met die verwagtinge wat deur die Nasionale Kwalifikasieraamwerk gestel word.

In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die navorsingsontwerp waarby die posvraelys as navorsingsmetode gekies is vir die insameling van data oor die ervaringe en sienings van dosente met die implementering van die beginsels van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Eerstens volg 'n bespreking van die posvraelys as meetinstrument, redes waarom die keuse op die posvraelys geval het sowel as die voordele en nadele van die posvraelys.

Tweedens word die struktuur van die vraelys, die toetsing van die loodsondersoek, wyse waarop die populasie as steekproef saamgestel is, administratiewe prosedure en die versending van die vraelys verduidelik. Laastens word die terugvoerespons en statistiese tegnieke bespreek, waarna die hoofstuk met 'n kort samevatting afgesluit word.

## **4.2 DIE KEUSE VAN ONDERSOEKMETODE**

Die metode van die empiriese ondersoek moet by die doelwitte van die

navorsingsprojek aanpas. Soos reeds gestel, is die doel om riglyne te identifiseer wat in gedagte gehou behoort te word tydens die assessering van dosente binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Om hierin te slaag moes ook 'n empiriese ondersoek uitgevoer word.

### **4.3 METODE VAN DIE ONDERHAWIGE ONDERSOEK**

#### **4.3.1 Inleiding**

Die doel met die empiriese ondersoek is om data vanaf dosente en ontwikkelingsbestuurders in die hoërondewyssektor by staatsgesubsidieerde universiteite en teknikons in Suid-Afrika in te samel. Die data handel onder meer oor dosente se ervaringe en belewenis van hul persoonlike ontwikkeling, rolverwagtinge, hul persoonlike assessering en studentebevoegdheid binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Hieruit word die uiteindelijke identifisering van riglyne wat in gedagte gehou behoort te word wanneer dosente aan assessering onderwerp word binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk saamgestel. Die elemente wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek deur middel van die empiriese ondersoek (in meer detail) gemeet is, is die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) (en UGO), die rolervullings van dosente binne die NKR, die assessering van dosente en studentebevoegdheid. Al hierdie elemente is in een vraelys gekombineer. Die vrae is in geen logiese of voorafbepaalde volgorde rangskik nie. Gevolglik is alle vrae ewekansig gerangskik en kon die respondente dus nie 'n bepaalde patroon gebruik in die beantwoording van vrae nie.

#### **4.3.2 Die Vraelys**

'n Vraelys is 'n instrument wat 'n respondent in staat stel om vrae te beantwoord (Vockell, 1983:78). Verder is dit 'n instrument vir die insameling van 'n verskeidenheid toepaslike inligting vir die navorser wat uit vrae en items bestaan wat respondente lees en beantwoord (Wolf, 1997:478). Dit kan beskou

word as 'n navorsingsmetode om inligting direk van mense aangaande hul gevoelens, opinies, planne, persoonlike en opvoedkundige agtergrond te verkry (Neuman, 1997:33).

Daarom kan die vraelys geoptimaliseer word om inligting te versamel wat nie altyd direk waarneembaar is nie. Hierdie tegniek stel ondersoek in na die gevoelens, motiewe, houdings, ervarings en prestasies van individue, met die gevolg dat 'n wye spektrum probleme daarmee ondersoek kan word. Verder het respondente die geleentheid om die vraelys op hulle eie tyd in te vul en die vrae in enige volgorde te beantwoord.

Vir die doel van hierdie navorsing sal van 'n geslote of gestruktureerde vraelys gebruik gemaak word. Die rede hiervoor is om oor kwantitatiewe data te beskik wat gebruik kan word vir kwalitatiewe interpretasie. Hierdie tipe vraelys bestaan gewoonlik uit 'n aantal kort vrae waaruit 'n keuse gemaak moet word.

Wolf (1997:422) wys daarop dat alhoewel die gestruktureerde vraelys heelwat beperkings het, dit steeds 'n geldige meetinstrument vir die insameling van data is. Hy baseer daarom die gebruik van die vraelys op die volgende veronderstellings, naamlik:

- dat respondente gewillig behoort te wees om die vrae te beantwoord;
- dat respondente in die posisie is om die nodige inligting te bekom en te verskaf en
- dat respondente die vrae kan lees en verstaan.

Die bruikbaarheid en voordeel van die vraelys is tweeledig van aard. Eerstens is dit gegrond op die feit dat dosente (en hul ontwikkelingsbestuurders) deel van die teikenpopulasie is, en dat hulle belang het by die finale uitkoms van die navorsing en die implikasies daarvan vir die assessering van dosente.

Tweedens is dit gegrond op die feit dat ontwikkelingsbestuurders wat ook 'n gedeelte van die populasie uitmaak geïnteresseerd sal wees in die finale uitkoms van die navorsing en die implikasie daarvan, omdat dit aanleiding daartoe kan gee dat hulle volwaardige vennote in die ontwikkeling- en assesseringsproses van dosente binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk sal word.

#### **4.3.2.1 Voordele en nadele van geslote vraelyste as navorsingsmetode**

Die vraelys as navorsingsinstrument of –metode hou enkele voor- en nadele in wat soos volg saamgevat kan word (Vockell, 1983:78-86; Gall *et al.*, 1996:241, 289-291 Neuman, 1997:251-252).

#### **4.3.2.2 Die voordele van gestruktureerde vraelyste**

- Respondente is gewilliger om sensitiewe vrae op hierdie wyse te beantwoord.
- Respondente kan die vraelys maklik en vinnig invul.
- 'n Groot groep mense kan in die populasiesteekproef betrek word.
- Antwoorde van respondente kan op 'n eenvoudige manier vergelyk word.
- Herhaling kan makliker voorkom word.
- Antwoorde kan makliker gekodifiseer en statisties geanaliseer word.
- Dit is meer praktieser as die onderhoud.
- Dit neem minder tyd in beslag as onderhoude.
- Dit is relatief goedkoper as onderhoude.

- Die navorser kan die vraelys direk aan respondente besorg of aan hulle pos.
- Die vraelys is as meetinstrument betroubaarder as die onderhoud aangesien die persoonlike oordeel van die navorser uitgeskakel word.
- Vraelyste kan oor 'n wye geografiese gebied versend en benut word.
- Die instruksies is in 'n groot mate gestandaardiseer en respondente weet wat van hulle verwag word.
- Respondente kan die vraelyste invul wanneer dit vir hulle geleë is.
- Dit is relatief maklik om te beplan, saam te stel en te administreer
- Objektiewe menings kan verkry word omdat persoonlike kontak uitgeskakel word.
- Respondente kan anoniem bly.

#### **4.3.2.3 Nadele van gestruktureerde vraelyste**

- Van die vrae in die vraelys kan verkeerd verstaan word.
- Die duidelikheid van die vrae kan moeilik bepaal word.
- Verskillende respondente kan vrae verskillend vertolk.
- Die geldigheid en betroubaarheid van 'n vraelys is moeilik om te bepaal.
- Die lengte van die vraelys kan moontlik aanleiding gee tot onakkurate response en 'n lae persentasie terugvoer.
- 'n Swak terugvoerpersentasie is 'n groot beperking van die vraelys en kan die geldigheid van die navorsing beïnvloed.

- 'n Groot verskeidenheid responskeuses wat aan respondente voorgehou word, kan soms verwarrend wees.
- Respondente kan gedwing word om keuses te maak wat hulle normaalweg nie in die praktyk sal maak nie.
- Verkeerde idees kan voorgestel word wat nie by respondente bestaan nie.
- Frustrasie kan by respondente voorkom wanneer hulle die antwoord wat hulle graag wil verskaf, nie 'n keuse is nie.
- Respondente met geen kennis oor 'n bepaalde onderwerp nie, beantwoord vrae instinktief.
- Die beantwoording van vrae kan willekeurig geskied of selfs deur ander ingevul word.
- Die navorser kan die reaksie van respondente op vrae nie visueel waarneem nie.

#### **4.4 MOTIVERING VIR DIE GEBRUIK VAN 'n GESTRUKTUREERDE VRAELYS**

Die keuse van die gestruktureerde vraelys as metode tydens dié navorsingsprojek berus op die volgende:

- Dosente en ontwikkelingsbestuurders se anonimiteit word gewaarborg.
- Objektiewe menings kan verkry word omdat persoonlike kontak met respondente uitgeskakel word.
- Dosente en ontwikkelingsbestuurders (of hul gevolmagtigdes) is gewilliger om sensitiewe vrae deur middel van 'n vraelys te beantwoord.

- Dit is relatief goedkoper as onderhoude.
- 'n Groot groep dosente by 'n teknikon en 'n universiteit, sowel as ontwikkelingsbestuurders by universiteite en teknikons oor die hele Suid-Afrika, kon bereik word.
- Onderhoude met die populasie sou meer tyd en menslikehulpbronn-kapasiteit in beslag geneem het.

#### 4.5 DIE STRUKTUUR VAN DIE VRAELYS

Ary *et al.* (1996:429) noem dat 'n vraelys vergesel moet wees van 'n begeleidende brief om die hoofbron van inligting aan alle respondente te verseker en te bevestig. Hierdie brief sal bepaal of respondente die vraelys sal wil invul al dan nie.

Volgens Ary *et al.* (1996:429) en Vockell (1983:78-87) moet die struktuur van die vraelys aan sekere vereistes voldoen, naamlik:

- Vraelyste moet voldoende inligting verskaf.
- Die vraelys moet interessant wees.
- Vrae moet sinvol saamgestel wees sodat dit so eenvoudig as moontlik ingevul kan word.
- Die vraelys moet nie te lank wees nie.
- Bondige en duidelike instruksies moet op die vraelys voorkom.
- Alle items op die vraelys sowel as die bladsye moet numeries gerangskik wees.



Die vrae wat verband hou met mekaar, is doelbewus nie saam gegroepeer nie sodat respondente nie doelbewus beïnvloed moet word deur 'n vorige vraag nie en sodat elke vraag goed geles moet word voordat dit beantwoord kan word. Daar was dus geen logiese verloop in die plasing van die vrae nie. Ten einde 'n aanduiding te gee van die interne konsekwentheid van die verskillende groeperings van vrae, is die Cronbach Alpha-koëffisiënt van elke groepering bepaal (Cronbach, 1970). 'n Cronbach Alpha-waarde van 0,8 en groter dui op 'n hoë mate van interne konsekwentheid, 'n waarde tussen 0,5 en 0,8 dui op 'n gemiddelde mate van interne konsekwentheid, terwyl 'n waarde van tussen 0,2 en 0,5 dui op 'n lae mate van interne konsekwentheid.

### **Afdeling A: Biografiese (en ander relevante) gegewens**

Afdeling A hou onder andere verband met die biografiese data wat ten den doel het om die navorser insig te gee in die verskillende response by sekere vraagitems met betrekking tot die hoedanigheid waarin die vraelys ingevul is. Hierdie hoedanighede behels die volgende:

Vraag 1 : Geslag.

Vraag 2 : Ouderdom in voltooide jare.

Vraag 3 : Huistaal.

Vraag 4 : Aantal jare ervaring as dosent by 'n universiteit of technikon.

Vraag 5 : Hoogste kwalifikasie.

Vraag 6 : Kwalifikasies in die buiteland verwerf.

Vraag 7 : Taalmedium van onderrig.

Vraag 8 : Taalmedium van navorsingsverslae, referate en publikasies.

Vraag 9 : Taalmedium van universiteit of technikon waar werksaam.

Vraag 10 : Hoeveelheid werksure per week vir universiteit of technikon.

Vraag 19 : Posisie.

Vraag 28 : Genereer taak genoegsame fondse vir markverwante vergoedingspakket?

Vraag 29 : Tevredenheid met vergoedingspakket.

Vraag 33 : Enige Bestuursposisie.

Vraag 34 : Akademiese omgewing.

### **Afdeling A: Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk**

Verder hou sekere items in Afdeling A verband met data wat aanleiding daartoe gee dat die navorser insig verkry in aspekte wat direk verband hou met die implementering van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Hierdie gegewens behels die volgende:

Vraag 11 : Toename in werk as gevolg van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Vraag 12 : Bevoegdheidsbeoordeling om binne die Uitkomsgerigte Onderwys-en-Opleidingsparadigma te funksioneer.

Vraag 13 : Hoeveelheid tyd aan intensiewe opleiding om binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk te funksioneer.

Vraag 14 : Mening oor omvang van opleiding wat bygewoon is om te verseker dat die beginsels van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk toegepas kan word.

Vraag 15 : Mening oor die kwaliteit van opleiding wat ontvang is in verband met die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

Vraag 35 : Vertroutheid met die beginsels van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

### **Afdeling A: Rolverwagtinge**

In hierdie groepering van Afdeling A is inligting ingesamel om vas te stel wat die situasie is rondom die rolverwagtinge van dosente binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk. Hierdie gegewens behels die volgende:

Vraag 22 : Meer klem op bepaalde rolle ten koste van andere.

Vraag 23 : Noodsaaklikste rol om te vervul.

Vraag 24 : Mins noodsaaklike rol om te vervul.

Vraag 25 : Rol waaraan die meeste tyd spandeer word.

Vraag 26 : Word tyd produktief spandeer?

Vraag 27 : Rol waaraan die minste tyd spandeer word.

### **Afdeling A: Assessering van dosente**

In hierdie groepering van Afdeling A is inligting in verband met die assessering van dosente ingesamel. Die betrokke items is die volgende:

Vraag 16 : Onderwerping aan assessering na afloop van opleiding oor Uitkomsgerigte Onderwys en Opleiding en die Nasionale Kwalifikasieraamwerk.

- Vraag 17 : Konstruktiewe terugvoer na afloop van opleiding en/of assessering ontvang.
- Vraag 18 : Noodsaaklikheid om dosente se bevoegdheid, prestasie en produktiwiteit aan assessering te onderwerp.
- Vraag 20 : Lewering van 'n bydrae om kriteria te bepaal waarvolgens bevoegdheid, prestasie en produktiwiteit geassesseer kan word.
- Vraag 21 : Verskillende assesseringskriteria vir verskillende dosente, afhangend van vakgroep en posvlak.
- Vraag 30 : Tevredenheid oor wyse waarop vermoëns, bevoegdhede en prestasies aan assessering onderwerp word.
- Vraag 31 : Lewer die assessering van dosente 'n bydrae tot die kwaliteit-versekering van hoër onderwys.
- Vraag 32 : Identifisering van entiteite wat bevoegdhede, vermoëns en prestasies behoort te assessee.

### **Afdeling B: Algemeen**

Al die vrae in Afdeling B stel ondersoek in na die mate waarin die dosent oortuig is van aspekte wat verband hou met die implementering van die NKR deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid soos dit geïmplementeer is deur hul onderskeie universiteit(e) en technikon(s).

Vraagitems in Afdeling B het van respondente vereis om hul keuses op 'n vierpuntskaal aan te dui, naamlik:

1= Glad nie

2= Geringe mate

3= Redelike mate

4= Groot mate.

### **Afdeling B: Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)**

Net een vraag in hierdie afdeling het ondersoek ingestel na dosente se persepsie of al die beginsels van die NKR geïmplementeer sal kan word in die hoërondewysomgewing. Hierdie data gee aan die navorser 'n aanduiding daarvan of dosente glo dat die NKR suksesvol sal kan funksioneer al dan nie. Die inleidende gedeelte van die vraag is as volg:

In watter mate is u as dosent oortuig dat die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid soos geïmplementeer deur u universiteit of technikon:

Vraag 1        Tot gevolg het dat al die beginsels van die NKR geïmplementeer kan word in die hoërondewysomgewing

### **Afdeling B: Rolverwagtinge**

In hierdie afdeling waar die rolbevoegdhede waaroor dosente moet beskik, ondersoek word, word die inligting ingesamel om vas te stel wat hul verwagtinge en belewenis is rondom die rolle en of hulle werklik glo dat enige verandering sal plaasvind.

Vraag 4    : 'n Verbetering in die kwaliteit van onderrig.

Vraag 5    : 'n Verbetering in die kwaliteit van navorsingsuitsette.

Vraag 6    : 'n Verbetering in die kwaliteit van studiemateriaal vir studente.

Vraag 9    : Sal bydra om self by 'n lewenslange leerproses betrokke te raak.

Vraag 14   : Veroorsaak dat addisionele rolle vervul moet word om aan

verwagtinge te kan voldoen.

Vraag 17 : Vereis dat as bekwame leerfasiliteerder moet funksioneer.

Vraag 18 : Vereis dat as bekwame assessor moet funksioneer.

Vraag 19 : Vereis dat as bekwame administrateur moet kan funksioneer.

Vraag 20 : Vereis dat as bekwame lewenslange eerder en navorser moet kan funksioneer.

Vraag 21 : Vereis dat as bekwame berader en gemeenskapsontwikkelaar moet kan hulp verleen.

Vraag 22 : Vereis dat as bekwame leerprogramontwikkelaar moet kan funksioneer.

Vraag 23 : Vereis dat as bekwame leermateriaalontwikkelaar moet kan funksioneer.

Vraag 26 : Tot gevolg het dat minder tyd aan navorsing afgestaan moet word as in die verlede.

Vraag 27 : Tot gevolg het dat minder tyd aan buitelandse besoeke, nasionale en internasionale konferensies afgestaan moet word.

Vraag 28 : Tot gevolg het dat meer tyd aan assessering van studente afgestaan moet word as in die verlede.

Vraag 29 : Tot gevolg het dat minder tyd aan vakgebiedontwikkeling spandeer kan word as in die verlede.

Vraag 30 : Tot gevolg het dat meer tyd aan program- en leermateriaalontwikkeling spandeer moet word as in die verlede.

Vraag 31 : Tot gevolg het dat meer tyd aan individuele studente se probleme geskenk word as in die verlede.

Vraag 32 : Vereis dat meer skakeling bewerkstellig moet word met potensiële werkgewers van studente.

Vraag 33 : Vereis dat meer navorsing in vakgebied gedoen sal moet word.

Vraag 35 : Tot gevolg hê dat minder tyd aan skryf van artikels en/of boeke spandeer kan word.

### **Afdeling B: Assessering**

Items in hierdie afdeling hou verband met assessering van dosente en deur middel van die data kan die navorser insig verkry in die samestelling van riglyne vir die assessering van dosente in terme van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR). Hierdie items behels die volgende:

Vraag 2 : Dat die NKR (en UGO) te vinnig op dosente afgedwing is.

Vraag 3 : Tot gevolg het dat prestasie (*performance*) nie behoorlik aan assessering onderwerp sal word nie.

Vraag 10 : Tot gevolg het dat daar self op vermoëns, vaardighede, bevoegdhede, kapasiteit- en prestasievlakke gelet sal moet word.

Vraag 11 : Tot gevolg het dat die metode(s) waarvolgens bevoegdheid- en prestasie-assessering plaasvind, hersien moet word.

Vraag 15 : Tot gevolg het dat onderskeid getref moet word tussen vermoëns, vaardighede, bevoegdhede, kapasiteit en prestasievlakke.

Vraag 16 : Tot gevolg het dat persoonlike vermoëns, vaardighede, bevoegdhede, kapasiteit en prestasievlakke individueel aan assessering onderwerp moet word.

Vraag 24 : Tot gevolg het dat addisionele rolle vervul moet word waarin geen opleiding en assessering plaasgevind het nie.

Vraag 25 : Tot gevolg het dat daar 'n toename in hoeveelheid werk is.

Vraag 34 : Meer verantwoordelikheid tot gevolg het, maar nie noodwendig dat meer vergoeding daarvoor ontvang word nie

### **Afdeling B: Studentebevoegdheid**

Die vrae in hierdie afdeling het die posisie van studente (soos ervaar deur dosente) binne die Nasionale Kwalifikasieraamwerk ondersoek. Hierdie data ondersteun die navorser om die indrukke wat geskep word deur dosente binne die voorgestelde riglyne vir assessering van dosente te verdiskonteer.

Vraag 7 : 'n Verbetering in die bevoegdheidsvlakke van studente teweeg sal bring.

Vraag 8 : 'n Verbetering in die assessering van studente se bevoegdhede teweeg sal bring.

Vraag 12 : Sal lei tot 'n verbetering in die produktiwiteit van afgestudeerde studente.

Vraag 13 : Sal lei tot 'n groter aanvraag na studente deur moontlike werkgewers.

### **Afdeling C: Algemeen**

Die vrae in hierdie afdeling het die ervarings van dosente met betrekking tot die Nasionale Kwalifikasieraamwerk, rolverwagtinge en assessering ondersoek. Die data wat hierdeur ingesamel word ondersteun die navorser om riglyne neer te lê wat in gedagte gehou behoort te word wanneer dosente aan assessering onderwerp word.



Vraagitems in Afdeling C het van respondente vereis om hul keuses op 'n vierpuntskaal te omkring, naamlik:

1= Glad nie

2= Geringe mate

3= Redelike mate

4= Groot mate.

### **Afdeling C: Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)**

Die vrae in hierdie afdeling het die ervaringe van dosente met betrekking tot aspekte rakende die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (en Uitkomsgerigte Onderwys en Opleiding) ondersoek.

Vraag 1 : Vind dit moeilik om by nuwe werksomgewing aan te pas.

Vraag 6 : Het te min interaksie met kundiges om sinvolle bydrae te lewer met implementering van NKR.

Vraag 11 : Ervaar dat implementering van UGO nie effektief plaasvind nie.

Vraag 12 : Ervaar 'n tekort aan fisiese fasiliteite om van UGO 'n sukses te maak.

Vraag 13 : Ervaar onsekerheid oor wat verwag word binne UGO.

Vraag 14 : Ervaar dat die implementering van UGO geen verskil aan rol as dosent teweeg gebring het nie.

### **Afdeling C: Rolverwagtinge**

Die vrae in hierdie afdeling het die ervaringe van dosente ondersoek met betrekking tot hul werk en rolvervullings. Hierdie gegewens behels die

volgende:

Vraag 3 : Vind dit moeilik om al die werk te hanteer.

Vraag 4 : Vind dit moeilik om aan al die verwagtinge wat gestel word, te voldoen.

Vraag 5 : Ervaar nie werk as uitdagend en interessant nie.

### **Afdeling C: Assessering**

In hierdie afdeling word inligting ingesamel om vas te stel wat dosente se ervaringe behels rondom assessering. Hierdie data word benodig in die saamstel van riglyne vir die effektiewe assessering van dosente.

Vraag 2 : Vind dit moeilik om te weet hoe bestuurders dosente assessee.

Vraag 8 : Ervaar die wyse van assessering nie as effektief nie.

Vraag 9 : Ervaar dat daar nie sinvol aan ontwikkelingsbehoefte aandag gegee word nie.

Vraag 10 : Ervaar dat daar nie 'n behoorlike analise gedoen word om te bepaal waarin dosente opgelei behoort te word nie.

Vraag 15 : Ervaar onsekerheid met betrekking tot voortbestaan van pos as gevolg van implementering van NKR.

### **4.6 POPULASIE, STEEKPROEF EN ADMINISTRATIEWE PROSEDURE**

In ooreenstemming met die uitgangspunt dat 'n steekproef die populasie moet verteenwoordig, dat steekproefeenhede verkieslik gebruik moet word en dat 'n steekproef nie groot hoef te wees nie, is 'n sekere prosedure uitgewerk wat binne die Suid-Afrikaanse konteks aanvaarbaar kan wees. Hierdie prosedure is uitgeklaar met die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO.

Gesien in die lig van die logistieke en administratiewe probleme wat kon opduik indien verteenwoordigende ewekansige steekproewe van doserende personeel by alle staatsondersteunde hoërondewysinstellings by die populasie ingesluit sou word, is op die volgende beginsels besluit by die bepaling van die dosente en hul ontwikkelingsbestuuders of gevolmagtigdes:

- Die dosente wat deel het aan die projek sal een groep wees van 'n universiteit en een groep van 'n technikon.
- Dit is nie haalbaar om individueel met dosente by alle staatsgesubsidieerde hoërondewysinstellings te skakel nie.
- Die ontwikkelingsbestuuders of persone verantwoordelik vir die opleiding van dosente by elke staatsgesubsidieerde hoërondewysinstelling is telefonies genader om bystand te verleen met die implementering en voltooiing van die vraelyste. Die adres- en kontakbesonderhede is ook telefonies bevestig. Die ontwikkelingsbestuuders of hul gevolmagtigdes is versoek om hul indruk van dosente se menings oor die bepaalde kwessies te weer gee.

Skriftelike toestemming (per elektroniese pos) is van belanghebbendes by die betrokke universiteit en technikon verkry om die vraelys daar te implementeer. Naamlyste van alle dosente is verkry, waarna 'n verteenwoordigende ewekansige steekproef van dosente vanuit alle fakulteite getrek is. Die vraelyste is aan die steekproef gestuur. 'n Begeleidende brief om kortliks die doel van die navorsing uiteen te sit en die versekering dat anonimiteit gewaarborg sal word, het die vraelyste saam met 'n gefrankeerde koevert vergesel (vergelyk tabel 4.1).

Soos reeds verduidelik is daar telefonies navraag gedoen by elke staats-

ondersteunde hoëronderwysinstelling oor presies wie verantwoordelik is vir die opleiding en/of assessering van dosente. Hierdeur wou verseker word dat die vraelyste die korrekte persoon bereik. Daar is enkele instellings (persone) wat negatief gereageer het en in geen mate hul samewerking wou gee nie. Gevolglik kon die vraelys nie na hierdie instellings gestuur word nie. Die beskikbare populasie van 30 universiteite en teknikons is uiteindelik betrek tydens die navorsing. Dit verteenwoordig 83,3% van alle universiteite en teknikons in Suid-Afrika. 'n Begeleidende brief om die doel van die navorsing uiteen te sit, is ook aan ontwikkelingsbestuurders gerig en hulle is verder verseker dat hul anonimiteit gewaarborg word. 'n Gefrankeerde koevert het ook elk van die vraelyste vergesel.

Op hierdie wyse is die volgende hoeveelheid vraelyste uitgestuur en terugontvang (vergeelyk tabel 4.1).

**Tabel 4.1: Teikenpopulasie, steekproefgrootte en terugvoerrespons**

Wie?	Populasie	Steekproef	Vraelyste terug- ontvang	Persen- tasie
Dosente van (een) universiteit	500	217	142	65,4%
Dosente van (een) teknikon	220	140	58	41,4%
Ontwikkelingsbestuurders by universiteite en teknikons	30	30	19	63,3%

#### 4.7 VERSENDING VAN DIE VRAELYS

Nadat die vraelys aan kundiges by twee verskillende universiteite voorgelê is vir die beoordeling van onder meer die siggeldigheid, is dit versend tesame met die

begeleidende brief op die voorkant van die vraelys.

Vraelyste is in Afrikaans aan die betrokke universiteit se dosente gestuur en in Engels na dosente verbonde aan die technikon. Die rede hiervoor is dat die universiteit 'n histories Afrikaanse instelling is, terwyl die technikon 'n histories Engelse instelling is. 'n Professionele taalversorger het verseker dat die vraelyste in beide Engels en Afrikaans dieselfde boodskap kommunikeer. Vraelyste wat aan ontwikkelingsbestuurders by universiteite en teknikons gestuur is, is almal in Engels uitgestuur. Nadat respondente hulle vraelyste ingevul het, is dit na die navorser teruggestuur in 'n gefrankeerde koevert wat verskaf is.

#### **4.8 STATISTIESE ONTLEDING**

Na die terugontvangs van die vraelyste is die data met die hulp van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO verwerk. Die data is statisties verwerk met behulp van die SAS-program (SAS Institute, 1996).

Die Cronbach Alpha-koëffisiënt is gebruik vir die bepaling van interne konsekwentheid en betroubaarheid.

Die vrae in afdelings B en C is ook groepeer sodat 'n Cronbach-alpha waarde vir betroubaarheid telkens bepaal kan word.

Deur middel van T-toetse vir onafhanklike groepe is bepaal of daar statisties betekenisvolle verskille bestaan het tussen enige van die groepe respondente betrokke by dié navorsingsprojek. Deur middel van effekgrootte (d-waarde) is bepaal of die verskille ook van praktiese belang was.

Daar is ook van 'n eenrigting variansie-ontleding gebruik gemaak om te bepaal of daar statisties betekenisvolle verskille bestaan het tussen die drie groepe

respondente. 'n Verdere Tukey-analise is uitgevoer om te bepaal tussen watter groepe die verskille wel bestaan het.

Verder is 'n interpretasie gemaak van die data uit afdelings B en C wat verband gehou het met elk van die groeperings vrae. Hoë en lae gemiddeldes wat uitgestaan het, is krities bespreek en geïnterpreteer.

#### **4.9 TERUGVOER**

Alle biografiese en ander relevante data word in tabelvorm aangedui en ontleed. Vrae vanuit afdeling A word afsonderlik geïnterpreteer. Daar word telkens onderskeid gemaak tussen vrae wat belang het ten opsigte van

- die NKR en UGO;
- die assessering van dosente;
- die rolle van dosente; en
- studentebevoegdheid.

Hoewel die vrae só gegroepeer is vir die doel van dié navorsing beteken dit nie dat dié groeperings van vrae los van mekaar staan nie. Daar word gepoog om tydens die analise van kwantitatiewe data en kwalitatiewe interpretasie daarvan aan te dui hoe dié vrae potensieël met mekaar verband kan hou.

Hoewel daar nie voorsiening gemaak is vir kwalitatiewe terugvoer nie, het enkele respondente so ernstig oor sekere aspekte gevoel dat hulle tog byvoegings gemaak het ten opsigte van verdere/ander probleme en belewenisse wat ervaar word. Daar is rekord gehou van sodanige spontane response. 'n Aantal van hierdie probleme en opmerkings wat as belangrik beskou word, is ooreenkomstig die response kortliks bespreek.

#### **4.10 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp met betrekking tot die insameling van data en die teikenpopulasie betrokke by die navorsing, bespreek. Daarop het die bespreking van die meetinstrument wat in die empiriese ondersoek gebruik is, die administratiewe prosedures en die statistiese dataverwerking gevolg.

In Hoofstuk 5 word die navorsingsdata weergegee en vind 'n interpretasie daarvan plaas.